

18 September - REGTER

Skrifgedeelte: Joël 1:1-15

Fokusgedeelte: Joël 1:15

Die dag van die Almagtige God kom! Die vreeslike dag! Sy dag van verwoestende oordeel! Verskriklik is dit om te val in die hand van die ewige, volmaakte Regter op daardie dag as Hy kom om regsitting te hou onder sy verbondsvolk Israel oor die ongehoorsaamheid aan sy Wet! Vir Israel sal dit wees soos 'n verwoestende sprinkaanplaag. Of is dit net die beeld van 'n verskriklike heidennasie wat God gebruik het om sy oordeel te voltrek? Dit maak nie saak nie. Wat belangrik en waar is, is dat die verwoestende dag van God se gerig oor sy ontroue verbondsvolk kom.

Maar is God dan nie liefde nie? Hierdie aankondiging moet 'n skok wees vir hulle wat net praat van God se liefde, maar leef soos hulle wil. Hulle sal hulle oë en ore nie glo nie. Hulle wat God net sien as die agent wat uit liefde in die mens se diens staan en hulle in liefde bedien. Of ook hulle wat God sien as 'n niksdoener of nie in Hom wil glo nie.

Ja, Hy is die God van liefde – volmaakte liefde. Maar Hy is ook die God van geregtigheid wat wetsoortreding straf. Het Hy dan nie in die paradys reeds gesê dat sy oordeel kom oor ongehoorsaamheid aan sy Wet nie? Die ewige dood! Watter regter sal 'n skuldige wetsoortreder vryspreek, al is hy hoe lief vir die beskuldigde? Ja, al is dit sy eie dierbaarste?

Hoe gaan selfs sy eie verbondsvolk wat Hy uitverkies het, tog nie met hulle sonde voort nie! Israel het haar God vergeet en haar God verlaat. Sy het Hom verag en verruil vir afgode en mensemaaksels. Joël 1 handel juis oor God se straf oor die sonde, onreg en ongehoorsaamheid van Israel. Israel, vir wie Hy gesê het: Ek sal vir jou 'n God wees, en jy sal vir my 'n volk wees. En vandag? Vandag is sy verbondsvolk die kerk!

God bly die regverdige Regter, maar ook die God van liefde! Daarom die aankondiging van die straf en die pleitroep om die Here aan te roep. Daarom was daar 'n kruis op Golgota. Daarom het Hy aan sy eie geliefde Seun die straf vir sy volk voltrek – in hulle plek, soos 'n pa wat 'n kind se boete vir wetsoortreding betaal. Onder die regverdige Regter se oordeel het die Seun dit uitgeroep: *“My God, my God, waarom het U My verlaat?”*

Glo dit en die dag van God sal by jou verbygaan soos die doodsendel in Egipte by die huise verbygegaan het, waarin die bloed van die offerlam vuurrooi gevlam het aan die deurposte.

Sing: Psalm 107:8, 10 (1936-beryming)

Ds AJ Coetsee (Emeritus)